

# Verhale van Onder die Maroelaboom

## Die Bere en die Geldheuning

THINK
DIGITAL ACADEMY



Dit was ’n baie warm dag en Frisky, die jong leeu, was baie dors.

“Pa, wanneer is dit ons beurt by die watergat?” het hy ongeduldig gevra.

“As jy my nog een keer vra, gaan ek jou stert afbyt!” het Gruff gegrom.

“Dink jy jy is die enigste een wat dors is? Ons is almal dors! Hou dus op kerm!”



Frisky het ’n koppige knorgeluid gemaak, maar nie hard genoeg dat sy pa dit kon hoor nie. Die afgelope tyd was sy pa so knorrig dat hy regtig sy stert kon afbyt.

Maar Frisky se geknor was nie sag genoeg nie. Stealthy, sy ma, het dit gehoor. Sy het haar ore platgetrek en hom woedend aangegluur.

“As jou pa hoor dat jy so vir hom knor, gaan hy jou behoorlik laat les opsê!” het sy hom berispe.


“Maar ek is dors,” het Frisky gekerm.



“Dis nie regverdig nie!” het Frisky gekerm. “Luister net hoe plas die bere in die water rond terwyl ons van die dors vergaan! Hoekom doen niemand iets daaraan nie? As die olifante nog hier was, sou hulle dit nie toegelaat het nie.”

“Maar die olifante is nie meer hier nie. Hulle het na groener weivelde vertrek,” het Stealthy gesê. “Hou dus op kerm.”

“Maar hoekom doen niemand iets nie?” het Frisky weer gevra.



“Daar is te veel van hulle en hulle is te sterk,” het Stealthy geknor. “Jy moet bly wees jy is ’n leeu; ten minste sal jy ’n beurt kry om te drink voordat die ander diere aan die beurt kom.”

“As daar enigsins water oor is!”

Van agter die droë doringbosse kon Frisky sien hoe die bere in die watergat spring en dans. Hulle het hulle glad nie daaraan gesteur dat hulle die water in modder verander nie.



Daardie hele dag het die ander diere in die versengende son gesit en wag dat die bere by die watergat klaar maak.

Eers teen skemer, toe dit nie meer so warm was nie, het die bere stadig en lui weggestap, terwyl die kosbare water van hul pelse afgedrup het.

“Dit kan nie so aangaan nie,” het die ouer diere daardie aand gekla.

“Ons sal ’n plan moet maak. Die bere moet weggaan.”



“Kom ons grawe ’n groot vangput en laat hulle daarin val,” het Grimace, die hiëna, gesê.

“En wie gaan dit grawe?” het Gruff gevra. “Net die olifante sou dit kon doen, en hulle het weggegaan. Die ander diere is te swak van die dors.”

“Kom ons blokkeer die fontein sodat die watergat opdroog. Sonder water sal die bere weggaan,” het Thick-Neck, die renoster, gesê.

“Is jy mal?” het Grimace gevra. “Hoe gaan ons sonder water oorleef?”

Die diere het ure lank so gestry en mekaar gestamp en gestoot om ’n paar slukkies water in die hande te kry.



Frisky het sy kop geskud. Miskien moes hy self ’n plan maak. Maar om ’n plan te maak, is nie so maklik nie. Frisky het gedink en gedink en gedink. Hy het die hele nag lank gedink, maar toe die son opkom, het hy steeds nie ’n plan gehad nie.

Hy het nog doodstil gelê toe Hopeful, die aasvoël, langs hom land en nader waggel. Frisky het paniekerig opgespring.

“O, jammer, ek het gedink jy is ontbyt,” het Hopeful teleurgesteld gesê.

“Ontbyt se voet!” het Frisky kwaad gesê.



“Ontspan, moenie so knorrig wees nie,” het Hopeful gesê. “Ek is ook honger, weet jy.”

“Hmph,” het Frisky gegrom. “Met hierdie droogte is daar meer as genoeg aas vir julle krombekke!”

“Miskien,” het Hopeful gesê, “maar net as ons hoog genoeg kon vlieg sodat ons ver kon sien. Maar noudat dit volmaan is, waai die maanwinde daar bo so sterk dat dit jou sommer reg uit die veld kan wegsleep.”

Daarmee het die aasvoël opgestyg en stadig weggevlieg.



As die maanwinde maar net die bere uit die veld kon waai, het Frisky gedink.

“Hoekom staar jy so agter ou Hopeful aan?” het iemand skielik van agter gevra.

Frisky het vinnig omgedraai. Dit was sy vriend Toughie, die das.

“Ek het net gedink aan wat die ou krombek vir my gesê het,” het Frisky gesê en toe vir Toughie van die maanwinde vertel.

“Ha!” het Toughie gelag. “Waar sal die bere nou vlerke kry om so hoog te vlieg?”



“Dit was net ’n gedagte,” het Frisky gesê en droog gesluk. Die dag het skaars begin en hy was reeds dors. “Die ouer diere het nie ’n plan nie. Ons sal van die bere ontslae moet raak.”

Toughie het gesnuif. Hy was ook alweer dors. “Jy is reg, Frisky. Ons sal mooi moet dink. Ek is moeg daarvoor om elke aand net ’n mondvol modderige water te kry.”

“Miskien kan ons die volstruise vra om van hulle vlerkvere vir die bere te leen,” het Frisky gesê en na ’n swerm volstruise gewys wat verbygevlieg het. “Hulle vlerke is groot genoeg om ’n beer te dra.”

Toughie het sy kop geskud. “Selfs al sou die volstruise hulle vere uitleen, hoekom sou die bere wou vlieg?”





“Miskien as hulle agter iets aan is waarvoor hulle baie lief is,” het Frisky gesê. “Iets wat hulle net hoog in die lug kan kry.”

“Bedoel jy maanheuning?” het Toughie met ’n dromerige uitdrukking in sy oë gevra.

“Maanheuning?” Frisky het sy kop geskud. Hy het nog nooit daarvan gehoor nie.

Toughie het om hom rondgekyk en gefluister: “My oupa sê dat jy in die ou dae, wanneer dit volmaan was, kon ruik dat die maan in heuning gedoop was. Goue heuning …”



“Dis die antwoord!” het Frisky opgewonde gesê. “Ons moet die bere oortuig dat daar heuning op die maan is. Toughie, weet jy waar ons ’n bietjie heuning kan kry?”

Toughie het gehuiwer.

“Dis om van die bere ontslae te raak!” het Frisky aangedring.

“Goed, ek sal jou wys. Maar as my pa uitvind dat ek jou van ons heuningvoorraad vertel het, gaan hy my laat les opsê,” het Toughie gesê.



Daardie aand, toe die bere uit die watergat strompel om kos te gaan soek, het hulle ’n jong leeu langs die voetpaadjie sien lê. Hy was besig om sy voorpote af te lek.

“Ek ruik heuning,” het Crooked-Claw, die leier van die bere, gegrom. “Wat maak ’n leeu met heuning? Heuning is beerkos!”

“Moet my asseblief nie seermaak nie,” het Frisky gesmeek. “Dis net ’n lek van maanheuning wat ek by die das gekry het.”

“DAS!” het die bere gebrul.



“Het iemand my geroep?” Toughie het uit ’n erdvarkgat gekruip terwyl hy aanhoudend gekou het.

“Die heuning, DAS! Ons wil die heuning hê!” het die bere geskree.

“Watter heuning?” het Toughie onskuldig gevra en sy pote afgelek.

“HEUNING!” het die bere gebrul, rasend van die honger.

“O, hierdie maanheuning,” het Toughie ongeërg gesê en na sy poot gekyk.

“Maanheuning?” Die bere het na mekaar gekyk en toe na die volmaan wat soos goue heuning oor die veld gehang het. “Waar het jy maanheuning gekry?”



“O, dis net ’n klein stukkie wat aan ’n volstruis se vlerk vasgesit het toe hy te naby aan die maan gevlieg het,” het Toughie gesê.

“VOLSTRUIS!” het die bere gebrul.

“Wie skree so?” het die volstruise, nog half aan die slaap, gevra.

“Vlieg maan toe en bring vir ons heuning!” het die bere gegrom.

“Maan toe?” Die volstruise het hulle koppe geskud. “Julle moet mal wees. Het julle enige idee hoe hoog die maan is?”



“Ons wou ook hulle vlerkvere leen,” het Frisky gesê, “maar hulle wou niks daarvan hoor nie.”

“Leen?” Die bere het na mekaar gekyk en geglimlag. “Wie het enigiets van leen gesê? Gee vir ons julle vlerkvere! Ons sal self die heuning gaan haal.”

Die volstruise het probeer wegvlieg, maar die bere was te vinnig vir hulle. Hulle het die volstruise aan hul lang bene gegryp en hulle uit die lug geruk. Vere het oral rondgevlieg terwyl die bere die volstruise se vlerke kaalgepluk het.



“VOLG MY!” het Crooked-Claw gebrul en met ’n gesuis opgestyg. Skielik was die hele naghemel vol bere wat al hoe hoër gevlieg het, elkeen gretig om eerste by die maan uit te kom.

Aanvanklik het dit gelyk asof Frisky en Toughie se plan nie werk nie. Die bere het net al hoe hoër gevlieg. Maar sodra hulle naby genoeg aan die maan gekom het om die heuning te ruik, het die maanwinde hulle beetgekry.

“HELP! HELP!” het die bere se gille deur die lug weergalm terwyl hulle al verder en verder weggewaai is.



“Totsiens!” het Frisky en Toughie geskree nadat al die bere in die verte verdwyn het, terwyl hulle nog gebrul het.

Die volstruise was woedend. Hulle wou Frisky en Toughie vertrap. Maar die ander diere het die bere se gille gehoor en aangehardloop gekom om te help.

“Mooi so, julle twee,” het Gruff trots gesê nadat hy die hele storie gehoor het.



"En baie dankie aan die volstruise wat hulle vlerkvere vir die bere gegee het.

Sonder julle sou ons steeds van die dors vergaan."

Die volstruise het gevlei gevoel en met hulle lang wimpers gefladder. Hulle het heeltemal daarvan vergeet dat hulle Frisky en Toughie wou vertrap.



Niemand het ooit weer ’n beer in die veld gesien nie. Die swaeltjies het die nuus gebring dat die bere oor die see gewaai is na die plek waar hulle vandag nog woon.

Almal was baie verlig. Net die volstruise was ongelukkig toe hulle ontdek dat hul nuwe vlerkvere te swak was om mee te vlieg. Hulle enigste hoop was om hul ou vere by die bere terug te kry.

En dit is waarom volstruise tot vandag toe met hul koppe naby die grond loop en die veld vir beerspore deursoek.

Dit help natuurlik niks nie, want die bere is steeds nêrens te vinde nie.



“Ek sal so graag net een keer ’n beer wil sien,” sug Tiny-Toes.

“Dis die grootste onsinstorie wat ek nog gehoor het,” mompel Oom Fiddle-Foot.

“Wat pla Oom Fiddle-Foot vanaand?” vra Knuckles. “Hoekom is hy so knorrig?”



“O, die ou moeilikheidmaker is al knorrig vandat die buffel hom eergister in die sambreeldoringboom ingejaag het,” lag Tannie Babbles. “Hy sukkel steeds om van die klein dorinkies uit te kry. Veral dié op sy agterstewe. Hy kon hulle lankal almal uitgehad het, maar niemand wil hom help om na hulle te soek nie!”

Die kleintjies giggel en Oom Fiddle-Foot gluur hulle kwaad aan.



Tannie Jiggle-Jowl besef dat daar moeilikheid op pad is. Wanneer Oom Fiddle-Foot so onder sy wenkbroue deur begin loer, duur dit gewoonlik nie lank voordat hy die kleintjies begin boelie nie. Dit is tyd om die aandag af te lei.

"Om te dink dat die buffels vroeër sulke geduldige diere was," sê Tannie Jiggle-Jowl.



“Weet julle, dit is vandat hulle hul strepe verloor het dat hulle so knorrig is.”

“Het die buffels vroeër strepe gehad?” vra klein Bumpkin.

“Ken julle nie die storie van hoe die buffels hul strepe verloor het nie?” vra Tannie Jiggle-Jowl.

“Nee, Tannie!” roep die kleintjies.




THINK
DIGITAL ACADEMY